’n Nuwe soort mens

Deur: Danie Marais
2010-12-10 22:23

Met sy klam, sagte oë en innerlike ekologie van versteurings was die digter Wopko Jensma immers ’n enigma. **DANIE MARAIS** ontrafel die vreemde, verwarrende verhaal van die man wat Suid-Afrika se skisofrenie versinnebeeld.

Een blou dag in 1993 het ’n verwaarloosde, daklose man uit ’n nagskuiling van die Heilsleër in Johannesburg verdwyn. Dit was die digter-kunstenaar Wopko Jens- ma. Hy is nooit weer gesien nie. Behalwe op Facebook, natuurlik.

Ja, hy het ’n Facebook-blad, geskep deur sy familie wat blykbaar steeds na hom soek.

Ongelukkig is daar nie meer vreeslik baie aksie op Jensma se virtuele gedenkterrein nie. Daar lê nog verskeie woordkranse en daar sal seker drupsgewys nuwes bykom, want die man se kultusstatus groei steeds.

Op my vrae ontvang ek egter net dawerende stilte. En klik jy op die prominent geplaaste skakel na die Wopko Jensma-webwerf, verklaar die skerm: “This domain has been suspended.”

Jy word dan weliswaar na ’n ander webruimte verwys, maar klik jy hier op “article”, sê die rekenaar: “Oops! This link appears to be broken.”

Die laasgenoemde foutboodskap met sy absurde rekenaarhoflikheid sou ’n mens ook as ’n netjiese, oneerbiedige parafrase van Jensma se lewensverhaal kon lees. Want dié enigmatiese figuur het ongelukkig lank voor sy verdwyning ophou skryf en skep omdat hy sy skakels met die werklikheid verloor het.

Jensma was ’n gesertifiseerde skisofreen wat meermale op eie versoek geïnstitusionaliseer is. Sedert die vroeë jare tagtig ontvang hy ’n ongeskiktheidspensioen van die staat op grond van die feit dat sy geestesversteurdheid hom verhoed om ’n voltydse werk te behou.

In ’n blog vertel die digter Gary Cummiskey hoe hy Jensma in 1991 in die nagskuiling in Simmondsstraat, Johannesburg, gaan opsoek het. Hy onthou sy groot, sagte hande en sy klam, sagte oë.

Toe Cummiskey hom vertel hy bewonder sy poësie, raak hy egter baie senuweeagtig. Hy vroetel dinge uit ’n plastieksak – ’n Bosal Africa-katalogus, ’n paar ou tydskrifte en ’n koffie- blik – en wys na die strepieskode op die blik: “Dís ’n goeie gedig.”

Wanneer sy besoeker vra of hy wel aan die Universiteit van Potchefstroom studeer het, sê hy ja, maar net vir ’n jaar. En al wat hy van Potch onthou, is ’n besoek aan Durban waar hy ’n blik pynappels gekoop en aan sy ouers gepos het. Toe sy pa die blik oopmaak, was die pynappels vrot.

Cummiskey is teen dié tyd al goed verbyster, maar beur voort. Hy vra vir Jensma of dit waar is dat hy drie digbundels gepubliseer het – Sing for Our Execution (1973), die destyds verbode Where White is the Colour; Where Black is the Number (1974) en I Must Show you my Clippings (1977).

Ja, sê Jensma. Dit was net drie, want sy werk het hom te besig gehou om meer te skryf.

Maar wanneer Cummiskey hom begin uitvra oor jazz – Jensma was mal oor jazz en sy werk deurspek met verwysings daarna – sê hy sy besoeker moenie met hom oor poësie praat nie.

Daarop tel hy die Bosal-katalogus op en wys na ’n diagram van ’n implement: “’n Wonderlike gedig!” Hy beduie ook na ’n elektriese boor: “’n Folterapparaat wat deur Hitler gebou is.” Kort daarna verskoon hy homself, want hy wil nie teetyd mis nie. Cummiskey vra of hy weer mag kom. “Nee,” sê Jensma, “ek hou nie van besoekers nie.”

Dié bisarre indrukke kan ’n mens maklik tot die verkeerde slotsom laat kom, naamlik dat Jensma ’n mindere kunstenaar met ’n sensasionele biografie is.

Hy was egter ’n merkwaardige digter én visuele kunstenaar wat eenvoudig nie na waarde geskat is nie.
Ek bel die skrywer Jeanne Goosen nadat ek hoor sy en Jensma was goeie vriende.

Goosen reken die redes vir sy miskenning is voor die hand liggend: “Dit was moeilik om Wopko te bereik. Hy was ’n geweldige introvert.

En voeg daarby dat hy met ’n swart vrou getroud was in daai jare.

Dit was vanselfsprekend dat hulle hom syntoe sou skuif.”

Maar het kritici nie dalk este- tiese besware teen sy vreemde, uiteenlopende poësie gehad nie?

Hy het immers benewens kon- krete poësie, soos sy “gomringer variasies” ook uitstekende praatverse, byvoorbeeld “Sondagoggend tien-dertig”, geskryf nog lank voor dit mode was.

“Nee,” sê Goosen in haar skor, aardse stem, “hy was ’n bleddie goeie digter.” Sy verduidelik: “Man, jy’s nou te jonk, maar in daai jare was die politieke situasie verskriklik. Baie van die skrywers is dopgehou.

Daar was geweldige histerie en nou kan jy jou voorstel in Pretoria van alle plekke, was dit rêrig bad. Baie ouens was bang om met Wopko ’n intieme vriendskap te bou.

Jy’t destyds sommer jou werk verloor, jong.” En dan voeg sy by: “Ek en hy het goed oor die weg gekom, hoewel hy eintlik vroue gehaat het.”

Jensma word meesal as ’n hoogs politieke protesdigter gelees, maar daar is ook stemme wat beweer hy was eintlik apolities.

“Hoe’t jy hom ervaar?” vra ek. “Heeltemal apolities,” antwoord sy sonder huiwering. “Hy’t nie ge-worry aan watter party ’n mens behoort nie.”

So, hy het volgens sy oortuigings probeer leef en toe in die spervuur beland? “Ja. Maar ek dink dit was veral oor sy huwelik met daai vrou.”

Die vrou waarna Goosen verwys, was Lydia Thandie Thabete, ’n Zoeloe-sprekende prostituut wat Jensma in Lourenço Marques ontmoet het, met wie hy in Februarie 1968 getroud is. Die Jensmas en hul drie kinders het in Swaziland gewoon totdat Jensma se aan- soek om ’n verblyfpermit afge- keur is en hulle genoodsaak is om hulle in Botswana te vestig.

Jensma se verblyf in Botswana gee aanleiding tot sy groot konflik met Suid-Afrika. Hy was vreesbevange om terug te kom en weens sy huwelik gearresteer te word. Jensma en Thabete se huwelik loop egter op die rotse en in 1971 verlaat hy haar (en hul kinders) permanent om na Suid-Afrika terug te keer.

In sy en John Gardiner se artikel, "The Jensma Affair", skets die digter Phil du Plessis die situasie soos volg:

"Die vrou [Thabete] was kwaai. As Wopko nie genoeg geld maak nie, het sy hom met 'n besemstok oor die skene geslaan.

Dit het so sleg gegaan dat dr. Casper Schmidt [...] al die pad Gaborone toe gery het met sy Volkswagen om Wopko te gaan bevry. Hy het die vrou oorwin deur haar met 'n kinderwaentjie oor die kop te slaan en Wopko vinnig in die kar te laai."

Met dié tragikomiese toneel in gedagte, vra ek vir Goosen of daar een of ander staaltjie in dié verband is wat sy onthou?

"O Jirre, daai vrou van hom was bedonderd! Wopko het sy pos gaan haal by die poskantoor op Kerkplein. Ek het partykeer saam gegaan en daarna het ons iets gaan eet. Eenkeer het ek gesien hoe hy 'n brief van Lydia oopmaak en toe val daar sulke poeier uit en Wopko sê: 'O Gods, sy toor my al weer.'"

Jensma se onnabootsbare poësie met sy mengsel van Engels, Afrikaans, tsotsi-taal, Kaaps, Setswana, Portugees, slang, blues en jazz, blyk dus deels 'n spieëlbeeld van sy skiso- frene geestestoestand en deels 'n vergestalting van sy vloeibare, verskeurde identiteit te wees.

Dis ook nie vergesog om in Jensma 'n skrikwekkende refleksie van die destydse skiso- frene Suid-Afrikaanse samelewing te sien nie. Soos Peter Wil- helm dit treffend in 'n resensie van sy digdebuut gestel het: "He is a terrifying, new sort of human. He is the first South African."

Dink jy aan die ou Suid-Afrika, is dit eintlik g'n wonder "die eerste Suid-Afrikaner" het dakloos geëindig nie.

Maar dalk ís kulturele dakloosheid die ware Suid-Afrikaanse toestand? Jensma se tragiese lewensverhaal konfronteer ons immers met tergende vrae: Kan 'n mens jou groepsidentiteit afsweer en opgaan in iets groters – 'n nasionale identiteit wat om alle praktiese doeleindes steeds nie bestaan nie?

Of beteken dit ook in die nuwe Suid-Afrika 'n skisofrenie wat enige gewone ou se lewe ondraaglik verwarrend maak?

■ Vir nog inligting, sien Leti Kleyn en Johann Lodewyk Marais se artikel in Tydskrif vir Letterkunde 47 (1) by www.letterkunde.up.ac.za.

SPANNER IN THE WHAT? WORKS

i was born in 26 july in ventersdorp
i found myself in a situation
i was born in 26 july in sophiatown
i found myself in a situation
i was born in 26 july in district six
i found myself in a situation
i was born in 26 july in welkom
i found myself in a situation
now, when my mind started to tick
i noticed other humans like me
shaped like me: ears eyes
hair legs arms etc... (i checked)
we all cast in the same shackles:
flesh mind feeling smell sight etc...
date today is 5 april 1975 i live
at 23 mountain drive derdepoort
phone number: 821-646, post box 26285
i still find myself in a situation
i possess a typewriter and paper
i possess tools to profess i am an artist
i possess books, clothes to dress
my flesh: my fingerprint of identity
i do not possess this land, a car
much cash or other valuables
I brought three kids into this world
(as far as i know)
i prefer a private to a public life
(i feel allowed to say)
i suffer from schizophrenia
(they tell me)
i'll die, i suppose, of lung cancer
(if i read the ads correctly)
i hope to live to the age of sixty
i hope to leave some evidence
that i inhabited this world
that i sensed my situation
that i created something
out of my situation
out of my life
that i lived
as human
alive
i
i died 26 july 1999 on the costa do sol
i found myself in a situation
i died 26 july 1999 in the grasslands
i found myself in a situation
i died 26 july 1999 in the kgalagadi
i found myself in a situation
i died 26 july 1999 in an argument
i found myself in a situation

Uit: I Must Show you my Clippings, Jensma se derde en laaste bundel

■ Die inligting is uiteraard nie alles korrek nie. Jensma is wel op 26 Julie 1939 (dieselfde jaar as Breyten) in Ventersdorp gebore – die seun van 'n Friese immigrant, Pieter Duurt Jensma, wat in 1928 van Nederland na Suid-Afrika gekom het, en sy Afrikaanse vrou, Anna (Coetzee). In watter situasie hy hom nou bevind, weet nugter.

"Die vrou was kwaai. As Wopko nie genoeg geld maak nie, het sy hom met 'n besemstok oor die skene geslaan. Dr. Casper Schmidt het die vrou oorwin deur haar met 'n kinderwaentjie oor die kop te slaan en Wopko vinnig in die kar te laai.Natuurlik sou hulle hom syntoe skuif.

Die enigmatiese digter Wopko Jensma is beskryf as “die eerste Suid-Afrikaner”.